**Kenridge Gemeente se standpunt oor selfdegeslag verhoudings**

Die Kerkraad van Kenridge Gemeente neem kennis van die Algemene Sinode se besluite rondom selfdegeslag verhoudings.

Ons bevestig dat alle mense, ongeag hul seksuele oriëntasie, in ons gemeente welkom is met die volle regte, voorregte en verantwoordelikhede as lidmaat.

Ons bevestig verder dat predikante in diens van die gemeente, volgens hul eie oortuiging en in ooreenstemming met die Algemene Sinode se besluite, kan kies of hulle selfdegeslag verbintenisse sal bevestig.

Die Kerkraad erken dat daar onderling teenstrydige emosies en oortuigings bestaan in beide predikante en lidmate se lees en verstaan van die Bybel ten opsigte van selfdegeslag verhoudings. In hierdie verband geld ons gemeente se roeping "ons bou brûe soos Jesus" en kernwaardes en is ons ontvanklik vir almal se standpunte en oortuigings. Daarom sal ons in gesprek met mekaar bly.

Ons gemeente se Godgegewe roeping en waardes lei ons om ruimte te maak vir alle mense om mekaar te dien, te respekteer, na mekaar te luister, mekaar te omarm en lief te hê, soos ons uit Jesus se voorbeeld leer.

Ons bly getrou aan ons kernwaardes en ons:

gee om

leef met integriteit

dien met al die gawes van die Gees

bedien eietyds

luister na God en na mekaar

omhels diversiteit

getuig van Jesus se verlossing

verwelkom almal

*********